8- 2007 - 16: 1

Reaksie op DVD: 03

Jurie le Roux

Ander mense se sieninge is amper iets heilig. Wanneer jy daaroor praat of skryf, moet jy dit met groot respek doen. Die ander moet hom/haar altyd weer in jou woorde kan terugvind en hulle in jou woorde kan herken. En as dit nie gebeur nie, moet twee mense ten minste bly gesels totdat die een die ander verstaan. Om die ander te verstaan, nie goedpraat of ondersteun nie, maar net te verstaan, is 'n enorme opdrag. Dít beteken onder andere dat die ander se woorde in die regte leefwêreld of konteks verstaan moet word en as jy nie weet nie, moet jy vra.

Die onbekende mens wat die DVD saamgestel het, het egter nie dié pad geloop nie. Hy/sy het ons egte woorde geneem, dit vanuit hulle oorspronklike konteks geneem, saam met dié van ander gegroepeer en toe het dit 'n heeltemal ander betekenis gekry.

Onderstaande is dus 'n poging om net my woorde in 'n bepaalde konteks te plaas en tog te hoop dit klaar enkele sake op. Dit is ook primêr op studente gerig en is baie persoonlik.

Veral vier dinge wil ek toelig. Een is dat ek die dinge reeds lank voor Sakkie Spangenberg-hulle gesê het, my uitspraak oor die kompromis, die resensie oor Andries van Aarde se artikel en my onlus om 'n verklaring oor die opstanding te onderteken.

Op die DVD sê ek 'n paar keer dat ek die dinge wat Sakkie Spangenberg en ander sê reeds **voor hulle gesê het**. Ek sê ook dat Sakkie-hulle 'n vertraagde reaksie op die negentiende eeu is – ek is jammer oor dié woorde want dit was nie 'n mooi ding om te sê nie en ek moes dit heeltemal anders geformuleer het. Maar wat is dit wat ek lank voor hulle reeds gesê het?

Die kern is die negentiende eeu en die historiese verstaan van tekste. In die lang geskiedenis van eksegese was die negentiende eeu 'n beslissende era vir die verstaan van die Ou Testament (en ook die Nuwe Testament). Vir die eerste keer in die geskiedenis van die kerk is begin om die Ou Testament radikaal histories te lees. Vir die heel eerste keer is ingesien dat die Ou Testament (en veral die Pentateug) 'n lang ontstaansgeskiedenis gehad het en dat hierdie wordingsgeskiedenis belangrik vir die verstaan van die teks (of die Pentateug of die Ou Testament) is. Dié benadering (ook historiese kritiek genoem) het alles verander en dit het deel van die eksegetiese pakket van die twintigste eeu geword.

Uiteraard was daar verskillende reaksies op die historiese kritiek. Vir sommige was dit simbool van boosheid en is dit vermy. Vir andere was dit weer 'n goeie rede om Bybel en kerk te ondermyn of te los. Ek het dit egter verinnerlik en veertig jaar lank al ken ek egter geen ander manier van eksegese nie en het ek 'n leeftyd gewy aan die historiese verstaan van die Ou Testament.

In die prediking probeer ek nog altyd om tekste binne Israel se leefwêreld te verstaan en die inhoud daarvan binne dié konteks oor te vertel. Kortom: nie vroom en stigtelike praatjies oor die teks se betekenis vir nou nie, maar die verstaan van die Ou Testament in die groot en ryk wêreld waarin die teks ontstaan en gegroei het. En die krag van die prediking (so meen ek) lê in hierdie oorvertel, hierdie navertel van Israel se spreke oor God en elke dag se lewe.

Al my lesings is ook in hierdie **histories-kritiese insigte** ingebed. Vanaf die openingsgebed tot die einde van die klas, al die aantekeninge, eposse en dagstukkies is een lang historiese verstaan van die Ou Testament. Ek noem 'n paar voorbeelde. Die **OTW-153-studente** weet hoe die hele module gerig is op die noue band tussen literatuur en konteks, die Ou Testament en Israel se leefwêreld, die ontstaan van die Ou Testament en die teologiese verstaan daarvan. Een van OTW 153 se onderrigdoelwitte is dan ook dat elke student aan die einde van die kursus goed toegerus sal wees om die Ou Testament binne Israel se geloofswêreld of histories-teologiese konteks te verstaan. **OTW-452-studente** sal weet hoe die noue band tussen die Reformasie en die Pentateugkritiek (sedert die negentiende eeu!) beklemtoon is; hoe gesê is dat die kerklike gemeenskap oor die negentiende eeu gespring het en dit tot verarming van die prediking en die teologie gelei het; dat ons die rykdom van die Pentateugteologie juis in die redaksiefases van dié korpus ontdek en verstaan; dat die navorsingsgeskiedenis en kennis van Julius Wellhausen en Gerhard von Rad ons baie kan help om iets van die Pentateug se grootse teologie te verstaan. **OTW-453-studente** sal weet hoe ons hierdie semester Sagaria se naggesigte streng binne een historiese konteks, te wete November 520 vC, lees en die teks (woorde, uitdrukkinge, verwysings) binne hierdie wêreld probeer verstaan.

Dít is voorbeelde van ’n historiese lees van die Ou Testament en dit is wat in my klasse gebeur. Toegegee, nie almal hou daarvan en sover as moontlik word dié studente ook geakkommodeer. Vergelyk maar net die talle keusevrae wat vir **OTW-452-studente** gegee word. Kortom: ek het die Ou-Testamentiese wetenskap sedert die negentiende eeu my eie gemaak en dit ook op vandag se konteks van toepassing gemaak. Hopelik werp bogenoemde lig op my uitspraak aan kollegas Sakkie Spangenberg en Pieter Craffert dat ek dié historiese dinge al lank voor hulle gesê het en dat ’n mens dit maar in die kerk kán sê. Dit is nie nodig om die kerk te verlaat as jy histories krities wil werk nie. Eintlik is dit onontbeerlik vir teologie en prediking.

Dan is daar ook ’n opmerking oor die **kompromie**. ‘Alles is ’n kompromis’, het ek gesê. Ja, dit is inderdaad hoe ek dink. Vanaf die vroeë kerk tot by die onlangse sinode van die N G Kerk se besluit oor gays is kompromieë gemaak. Dit is ’n baie belangrike teologiese strategie want daardeur kan jy meerdere sieninge akkommodeer en die eenheid behou. Dit is ook van die Ou Testament waar. Ten opsigte van die Pentateug kan **OTW-452-studente** die tweede stel aantekeninge (wit stuk wat aan die linkerkant bo vasgekram is) weer raadpleeg. Dit kom daarop neer dat die Priestergeskrif en Deuteronomium twee verskillende teologiese standpunte verteenwoordig wat wel saamgevoeg is en mettertyd deel van Israel se ‘geestelike literatuur’ geword het.

Dit is ook waar dat ek nie **’n verklaring van die dosente oor die opstanding wou onderteken nie**. Ek hou nie van verklarings aan die media nie en allermins nog oor die opstanding. Die opstanding is iets wat jy in die geloof bely en waaruit jy leef, maar nie in ’n verklaring aan die media verduidelik nie. Dít was waarom ek in 2002 diep ongelukkig was met die uitreiking van so ’n verklaring want die pers is nie die regte plek vir so iets nie. Boonop is ek persoonlik oor die bewoording (wat ek nie opgestel het nie) gekritiseer. Sulke verklarings is nodeloos en bereik niks nie. Die kerk is immers die ruimte waar ’n mens jou geloof bely, daaroor sing en met andere deel.

Ongelukkig kan ’n mens vandag moeilik oor die opstanding praat. Enersyds word jy gebombardeer met ander se woorde en begrippe oor die opstanding wat jy dan netso moet gebruik om jou eie geloof te bely. Dikwels is daar ook die aandrang op vinnige, snelle nasê van ander se woorde en gebeur dit nie, word jy gewantrou. Daar is ook geen moontlikheid om die vraag of die vraagsteller eers krities te ondervra nie. Alles moet nóú en in die woorde van die ander gesê word.

Ek sal dit nie doen nie. Van die Franse Rewolusie hou ek nog die woorde vryheid, vryheid, vryheid oor en sal daarom nie ander se woorde wil gebruik om my eie geloof te verwoord nie. Veral nie van hulle waaroor ek groot vrae het nie. Vrae het of hulle al ooit die dieptes van die Ou Testament histories ontdek het of hulle teologies-histories kan dink en of hulle die vermoë het om die outentieke geloof van alle eeue aan die hand van oorspronklike bronne te kan ontsluit.

En dié vryheid, Dames en Here Studente, gun ek julle ook want dit is waarom ek altyd sê: ‘Julle hoef nie soos ek te dink nie. Maak julle eie teologiese verhaal. Verbeter net op die professor’.

Ten slotte iets oor my artikel oor **Andries van Aarde se boek, ‘Fatherless in Galilee’**. Dit gaan veral dan om die woorde dat dit ’n hoogtepunt in die Bybelwetenskap is. Ek dink dit nog steeds. In my byna veertig jaar as dosent in die teologie (eers by UNISA en nou by UP) het ek mettertyd vir myself twee merkers vir ’n goeie teologie uitgesonder. Een is die verinnerliking van die Pentateugkritiek en die ander die studie van die historiese Jesus. Nodeloos om te sê dat (volgens my) die Afrikaanse teologie in vele opsigte hierin gefaal het en dat ’n mens dit in die prediking kan hoor en in talle teologiese werke kan lees.

Bogenoemde is maar my eie klein merkertjies wat ek oor die jare vir myself gevorm het, maar dit verklaar tog waarom ek so opgewonde oor die boek van Van Aarde was. Dit was die heel eerste vollengte historiese Jesus boek wat (alhoewel in Engels) vanuit die Afrikaanse gemeenskap van Bybelwetenskaplikes gekom het. Oor en oor het ek al verklaar dat my Jesus anders as dié van Van Aarde is, maar vergelyk ’n mens ‘Fatherless’ met die talle geskiedenisse van Jesus in die negentiende eeu bly dit vir my iets besonders in die Afrikaanse gemeenskap.

In ’n radio-onderhoud het Adrio König egter hierdie waardering van my vir ‘Fatherless’ verdag gemaak, maar ’n mens moet ook König se historiese plek in die Afrikaanse teologie van die afgelope dertig of veertig jaar verstaan. Hy het ’n belangrike rol gespeel, maar (sover ek weet) was hy nooit lid van die illustere Ou-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika of die Nuwe Testament Werkgemeenskap nie, het nooit referate daar gelewer nie, was nooit lid van jarelange vakdiskussies oor onder andere die probleme in verband met geskiedenis, eksegese, die historiese Jesus en die opstanding nie, en word helaas ook nie as ’n Bybel*wetenskaplike* aanvaar nie. Ek probeer dus werklik König se ongemak met ‘Fatherless’ en my artikel daaroor verstaan, maar ek bly by my standpunt.

Dames en Here Studente, ek hoop dat bogenoemde die konteks van my woorde op die DVD sal verhelder.

http://www.teo.co.za (2007-08-20)

****